

Mediologie en hermeneutiek¹

Mediology and hermeneutics

ERNST WOLFF

Departement Filosofie

Universiteit van Pretoria, Posbus 0002, Pretoria

ernst.wolff@up.ac.za



Ernst Wolff

ERNST WOLFF doseer filosofie aan die Universiteit van Pretoria. Hy het tale, teologie en filosofie bestudeer en sy nagraadse navorsing in filosofie in Johannesburg en Parys voltooi. Sy hoof belangstellings op die oomblik is hermeneutiek, godsdiensfilosofie en die filosofie van tegniek. 'n Boek oor die werk van Levinas verskyn binnekort van hom.

ERNST WOLFF teaches philosophy at the University of Pretoria. He studied languages, theology and philosophy and completed his post-graduate research in philosophy in Johannesburg and Paris. His main interests at the moment are hermeneutics, philosophy of religion and the philosophy of technics. A monograph on the work of Levinas is forthcoming.

SUMMARY

Mediology and hermeneutics

Mediology, founded by Régis Debray, is a new science that sets itself the goal of understanding how ideas are transmitted and become effective. It clearly stands in close relationship to hermeneutics, but this relation has not been explored yet. This article aims to indicate the affinity between mediology (represented here by Debray) and hermeneutics (for which Ricoeur has been chosen as representative), which centres on attention to symbolic efficiency. Three areas of converged interest are identified and discussed: 1/ the mutual implication of the technical milieu and the world of technics, 2/ the process of autonomisation and re-appropriation of media or texts and 3/ vigilance in politics.

1. The technical milieu and the world of technics

Transmission takes place in events during which the said survives the saying due to the way in which the saying took place. The said has to be deposited in a means of support and at the same time be transformed into a carrier by an institution. The medium thus consists of a technical and an institutional aspect. Though transmission is usually defined in distinction from communication, the minimal characteristics of transmission can be recognised even in dialogue. In fact, transmission of symbols and ideas takes place even in the absence of advanced technical support, as could be seen in the mnemosphere. It is the fact of inscription, wherever and however it takes place, which makes transmission possible. The manner in which all objects around human beings act as transmitters could be presented by taking clothes as paradigm. Clothes are objects that are invested with socio-historical meaning that exceeds their mere technical function of warming

the body. That is why they carry messages of identity and contribute to socialisation. Our milieu or mediasphere is like an enormous item of clothing that introduces us to a world; we clothe ourselves with meaning by our association with things (and people). In this way we belong to a world. The milieu or mediasphere is the technical aspect of the world of meaning with which hermeneutics occupies itself. We belong to the milieu and to the world with a body that is simultaneously capable of the so-called technics of the body and constitutes our incarnate consciousness.

2. *Autonomy and appropriation of the medium/text*

Whereas the mediologist is concerned with the question of how the saying makes it possible for the said to survive, the hermeneuticist is interested in how the socio-technical saying can be re-appropriated. It is only something from which one has been distanced that can form the object of interpretation. Discourse is, for Ricoeur, the form or primitive feature of distancing (distanciation); it is the situation in which someone says something to someone. Discourse is active as a dialectics of an event of meaning and of the meaning that is understood. Writing (i.e. discourse suspended from its event of meaning which has thus become autonomous) that is read, or an autonomous inscription that is re-appropriated, is thus the paradigmatic situation that hermeneutics analyses. The hermeneuticist tends to neglect the technical aspect of the autonomous inscription, which enjoys the attention of the mediologist, but both are concerned with symbolic efficiency. In this formula, hermeneutics tends to place the accent on “symbolic”, and mediology on “efficiency”. A message or meaning that is read by a reader (that always belongs to a community of readers that constitutes the institutional aspect of the medium and that influences the way in which it is read), is at the same time interpreted. If the “efficiency” of “symbolic” efficiency means anything, it is such an interpretative appropriation of meanings. The aim of transmission is appropriation and without appropriation no transmission has taken place. In appropriation, the suspended dialectics of the event of meaning and the meaning itself is restored, but at the same time transformed. Three different facets of the process of appropriation should be identified: understanding, explanation and interpretation. This holds equally for texts and for non-textual objects that apparently bare no message. If “explaining more, means understanding better”, as Ricoeur’s formula has it, this holds for any object with which the milieu is furnished.

3. *Vigilance and politics*

Mediology and hermeneutics concur that we have no direct access to ourselves as beings that understand the world. We are also influenced in our understanding of the world by the network of things that constitute the milieu. This means that our way of understanding ourselves and our world is influenced by means not completely accessible to us. The question of who or what has influence on our ways of transmitting ideas and of understanding things and ourselves, is an eminently political question. Politics is an important issue for mediology and for hermeneutics, since the matter of these two disciplines – symbolic efficiency in groups of people – is a main element of what constitutes politics and the means and power thereof. This does not mean that the two disciplines consist of active participation in politics, but they contribute to elucidate the workings and means of politics and of power in society in general. Both disciplines are practised in the spirit of a political vigilance or suspicion.

KEY CONCEPTS: Mediology; hermeneutics; text; transmission; symbolic efficiency; technology

TREFWOORDE: Mediologie; hermeneutiek; teks; oordrag; simboliese effektiwiteit; tegniek

OPSOMMING

Met die verloop van bykans twee dekades het Régis Debray 'n nuwe studieveld, genaamd mediologie, ontwikkel. Terwyl hy betoog vir 'n afgrensing van hierdie veld van semiologie, sosiologie, geskiedenis, kommunikasieteorie en ander menswetenskappe, ontvang hermeneutiek dikwels net vyandigheid van hom. Hierdie artikel het ten doel om die verwantskap tussen mediologie en hermeneutiek, wat naamlik in hulle aandag aan simboliese effektiwiteit sentreer, uit te wys. Drie areas van konvergerende belang word geïdentifiseer en bespreek: 1/ die wedersydse implikasie van die tegniese milieu en die wêreld van tegniek, 2/ die proses van outonomisering en her-toe-eiening van media of van tekste en 3/ waaksaamheid in politiek.

INLEIDING

Mediologie is 'n opwindende nuwe speler op die verhoog waarop die bestudering van taal en talige verskynsels voorgedra word. Die belofte om veral betekenis*oordrag* as een aspek van taligheid te verhelder, is die eiesoortige rol van die mediologie. Hierdie bydrae sal opgeneem word in die drama van liefde en konflik tussen semiologie, linguistiek, kommunikasieteorie, literatuurteorie en ander dissiplines wat deur die gemeenskap van akademiese toeskouers geëvalueer word.

Maar 'n mens kry soms die indruk dat Régis Debray, grondlegger van die mediologie, een van die ander spelers, die hermeneutiek, sonder meer die reg tot 'n plek op die verhoog wil ontsê. Sy afwysende verwysings na die hermeneutiek skep die indruk dat die mediologie teenoor die hermeneutiek of minstens volkome daarvan geskei staan (kyk byvoorbeeld Debray 2005b:116 & 129). Hierdie opposisie druis in teen die oriëntasie van die mediologie as een invalshoek op die werklikheid tussen ander. Dit is sekerlik nodig om die mediologiese perspektief te omlin ten einde daaraan 'n eie stem te gee binne die "raad van die vakgebiede" (kyk Debray 2000 hoofstuk V – "Le conseil des disciplines" – waarin die outeur oor die afbakening van die mediologie ten opsigte van ander vakgebiede handel), maar daar kom 'n tyd wanneer 'n mens verder moet gaan as die "waarom ons nie ... is nie"¹ as 'n mens wil voorkom dat hierdie raad ontaard in 'n kakofonie van alleensprake. Niks is meer getrou aan die werkwyse in mediologie as hierdie soeke na dialoog nie. Louise Merzeau som hierdie openheid, wat in die meeste artikels in die *Cahiers de médiologie* en in *Médium*² weerspieël word, op wanneer sy sê dat die mediologie:

... nie die geaardheid het om uit te sluit nie. Almal wat 'n draai daarin wil maak, kan hulle kanse daarin waag, sonder om noodwendig die lidmaatskapkaart van hulle moederhuis op te sê. [...] Dubbele bane word selfs ten sterkste aanbeveel, aangesien die mediologie nie beoefen kan word in die selfgenoegsaamheid van 'n gevestigde kenniskorpus nie. [...] die mediologie behoort sy *onsuiwerheid* te kultiveer ten einde sy effektiwiteit te verseker (Merzeau 1998:28).

Die perspektief wat eie is aan die mediologie is sodanig dat dit 'n perspektief op die ander vakgebiede bied, terwyl dit self die perspektief van die ander ondergaan.³ Maar dit laat ons met meer as net die twee perspektiewe, omdat 'n geslaagde dialoog méér voortbring as wat die twee voorafgaande gesigspunte was, sonder dat hulle egter in 'n harmonieuse geheel opgelos word.

So 'n dialoog tussen mediologie en hermeneutiek het nog nie plaasgevind nie. Dit is die doel van hierdie artikel om 'n inleiding tot die dialoog uit te werk en so 'n bydrae te maak tot ons begrip van sowel hermeneutiek as mediologie. Die vraag oor die verhouding tussen oordrag en interpretasie, tussen mediologie en hermeneutiek, kan sekerlik nie deur 'n enkele outeur in 'n kort artikel beantwoord word nie. In dit wat volg, binne die perke wat die leser sal sien,⁴ wil die artikel aantoon dat hierdie dialoog moontlik is deur enkele rigtingwysers daarvoor aan te bied. Maar waar begin 'n mens?

- Hoe gebeur dit dat idees effektief of praktyk word?
- Hoe gebeur dit dat kultuurprodukte verstaan word?

Die eerste vraag is mediologies; die tweede hermeneuties. Twee verskillende gesigspunte, twee werkwyses, twee doelstellings. Maar die twee dissiplines deel 'n belangstelling in die feit dat 'n boodskap wat nie iemand s'n was nie, iemand s'n word, of anders gestel, dat betekenis toegeëien word. Altwee is begerig om te weet hoe 'n boodskap gevorm en verneem word. Op grond hiervan word drie terreine van gedeelde belangstelling voorgestel (sonder om daarmee aanspraak op volledigheid te maak): 1/ die mens wat omgee is van tegniek wat 'n milieu of 'n wêreld vorm, 2/ die outonomie van die boodskap of skryf en lees, en 3/ die opening na politiek.

1. DIE TEGNIESE MILIEU EN DIE WÊRELD VAN DIE TEGNIEK

Die mediologie, sê Régis Debray (2000:2), is op soek na die mens as oordraer of oorleweraar, (*l'homme qui transmet*). Waar kan hierdie mens gevind word? Wat is die minimale vereistes vir oordrag waardeur die *homo transmittans* gekenmerk word? Dit is dat die gesproke (*dit*) oorleef, danksy die manier waarop dit gespreek word (*dire*).⁵ Die gesproke moet eers in 'n steunmiddel (*support*) gedeponeer word en gelyktydig deur 'n instelling getransformeer word in 'n draer (*vecteur*), dit wil sê dat die spreke van die gesproke verander moet word in 'n medium. Die medium, die steunmiddel van 'n simbool, bestaan dus uit 'n dubbele draer: 1/ die tegniese draer of uitdrukingswyse, dit wil sê georganiseerde materie (*matière organisée*) en 2/ 'n institusionele draer, dit wil sê gematerialiseerde organisasie (*organisation matérialisée*); 'n logistiek en 'n strategie; 'n vorm van tegniek en 'n vorm van praktyk (vergelyk die tabel in Debray 2000:127).

Maar meer konkreet, wat is die minimaalste verskynsel van oordrag? Daar word in mediologie 'n belangrike onderskeid gemaak tussen kommunikasie (die poging om 'n boodskap so effektief moontlik oor 'n afstand te laat verneem), en oordrag of transmissie (die poging om 'n boodskap so lank moontlik deur die verloop van tyd te laat verneem) en kommunikasie word beskou as niks meer as net 'n aspek van oordrag nie. Alle oordrag kommunikeer, maar nie alle kommunikasie dra oor nie, sê medioloë. Daar is dus niks vanselfsprekend daaraan nie as ek beweer dat die minimaalste verskynsel van oordrag te vinde is waar twee mense met mekaar praat, meer nog, dat dialoog of kommunikasie altyd ook 'n gebeurtenis van oordrag is en dat as ons wil verstaan wat oordrag is, ons dan eers moet leer om die oordrag in kommunikasie te kan sien. Daarom moet ons hierdie minimale scenario van naderby ondersoek. Eerstens is daar 'n boodskap: die gesproke. Dan is daar 'n persoon wat hierdie boodskap neerlê of deponeer in 'n steunmiddel wat dit tot by die ander persoon dra. Die steunmiddel in hierdie geval is, aan die kant van die spreker, die taal wat nie deur die betrokke persone self uitgevind is nie, die vermoë om werkwoorde te verbuig soos dit moet, praktyke van hoflikheid, bedrewenheid in aksentuering, en dies meer, en – aan die kant van die persoon wat die boodskap ontvang – die vermoë om te luister, konsentrasie, begrip vir die tipe taalgebruik of register, geheue, ensovoorts. Laastens vorm die twee gespreksgenote 'n sosiale draer wat die inhoud van die boodskap én die kode wat daarvoor gebruik is, oordra. Die bestaan van laasgenoemde kode is reeds vooraf verseker deur die omringende samelewing en die gespreksgenote neem deel aan die oorlewing van hierdie kode deur dit te beoefen en deur mekaar wedersyds in te oefen in die gebruik daarvan. Al hierdie dinge neem natuurlik tyd en daarom verteenwoordig die gespreksduur 'n klein bietjie tyd van voortbestaan van die boodskap. Daarom, deurdadig hulle 'n boodskap kommunikeer, neem die twee gespreksgenote eksplisiet deel aan die oordrag of transmissie van 'n boodskap en dra hulle implisiet die vermoë oor om 'n boodskap te kommunikeer en te verneem.

Vanweë die belangrike onderskeid tussen kommunikasie en oordrag wat gebruik word om oordrag te definieer (die onderskeid waarna hierbo verwys is en wat die outeur ook handhaaf, vgl. §2) is medioloë nie geneë om aan kommunikasie te dink as 'n gebeurtenis van oordrag nie.⁶ Nogtans, as 'n mens daarmee moeite sou maak om oor die mnemosfeer na te dink, dan word dit onmoontlik om die oordragdimensie van kommunikasie te ontken.⁷ In die mnemosfeer, dit wil sê in die sosio-tegniese milieu voor die ontwikkeling van skrif wat die koms van die logosfeer inlui, vind oordrag hoofsaaklik in dialoog of ander vorme van direkte kommunikasie plaas, sy dit mitiese verhale, danse, jagpraktyke, rook, ensovoorts. 'n Stuk of dertien jaar gelede was die outeur teenwoordig by die inhuldiging van 'n Venda-hoofman, Stalin Boy. By dié geleentheid is geluister na 'n vertelling van ses of sewe honderd jaar se geskiedenis van die Vendas. Eeue se mondelinge oordrag van geskiedenis – die mees waardevolle bron vir historiografie oor die verre geskiedenis in 'n deel van die wêreld waar die maniere van oordrag rampspoedig geraak is deur die vooruitgang van die ander mediasfere. Die sukses van die ander mediasfere ten opsigte van die mnemosfeer was gelyktydig 'n katastrofe op die lang termyn vir die oordrag van vorme van sosialisering, idees oor gesag, handwerk, morele waardes, ensovoorts, wat deur die mnemosfeer oorgedra is. Die mnemosfeer moet nie verwaarloos word nie; dit bestaan tot in ons dag langs die logo-, grafo-, video- en (as mens die oortuiging deel dat daar so iets bestaan) hipersfeer. En die boodskappe wat met sukses deur die mnemosfeer oorgedra is, is aansienlik. Ons kan dink aan die dra van klere, grimering en versierings, kennis van eetbare plante, musiek, seksisme en die idee van die bonatuurlike, om maar net 'n paar van die belangrikstes te noem en waarvan die voortbestaan voortaan al hoe meer deur ander vorme van oordrag verseker word. Hierdie eerste mediasfeer voor die uitvinding van skrif is dus van groot belang. Vir die huidige betoeg herinner dit ons aan die oordraende dimensie van kommunikasie. Ons sal later sien dat die oordrag in die kommunikasie verklaar kan word deur die feit dat gesproke taal medegekonstitueer word deur 'n “skriftelike” of “tekstuele” dimensie, dit wil sê dat dit oor 'n vorm van outonomie beskik.

Hierdie aandrang op die oordraende karakter van alle tipes kommunikasie moet nie gesien word as 'n weerspreking van die onderskeid wat deur die mediologie gehandhaaf word nie. Dit is net belangrik om nie oordrag alleen in die indrukwekkende verskyningsvorme daarvan te soek nie. Elke sosio-tegniese draer moet aandagtig ondersoek word; die dimensie van inskripsie en van lesing moet orals rondom ons geïdentifiseer word, soos die outeur gedoen het met die kommunikasie deur dialoog: oordrag is so maklik as om te kommunikeer (sonder om daarmee te wil sê dat goeie oordrag maklik is). Ons soek die mens as oordraer en hy/sy is nie ver nie. Net soos ons hierdie mens gevind het in dialoog, net so is hy/sy teenwoordig in 'n swetterjoel interaksies waar daar sprake is van iets aanleer. Die basis-fenomeen is hier die tegnieke van die lyf (Mauss) of die habitus (Bourdieu).⁸ Al die tegnieke van die lyf is mnemotegnieke en tegniek oor die algemeen het 'n geneigdheid om 'n mnemotegniese effektiwiteit aan die lyf op te lê. In die verlengde van die tegnieke van die lyf, waaronder die mees basiese vorme van kommunikasie, kan die oordrag van al die ander tegnieke blootgelê word. Klere sal hier vir ons as paradigma dien.

Feitlik elke tegniek dra iets oor, selfs al is dit maar net die moontlikheid daarvan om natuurlike objekte tegnies aan te wend. Die oordraende aard van tegniek skep sosio-kulturele bande. Die volgende opmerking van Jean-Pierre Sérís (1994:68) oor klere verhelder hierdie punt: “Klere is 'n voorbeeld by uitnemendheid van die dialektiek tussen noodsaak en vereiste wat in tegniese produksie saamgetrek word. Daar is 'n wêreld wat ooreenstem met die objek en wat nie tot die materiële wêreld gereduseer kan word nie, maar 'n vermenslikte wêreld is, dit is die sosiale en historiese, die gesproke en geskrewe wêreld. Klere is die gebaar wat individue in hierdie wêreld inlei.”⁹ Hierdie opmerking is van aansienlike belang. Klere as paradigma van objekte wat met sosio-historiese betekenis geïnvesteer is, beantwoord weliswaar aan fisiese behoeftes, maar vorm terselfdertyd 'n poort wat toegang bied tot dit wat nie maar net fisies is nie, maar menslik, dit wil sê

histories, sosiaal, betekend. Die klere wat ek dra is dubbelsinnige goed: gelyktydig objekt en deel van myself, ewe seer medium as boodskap. Om klere te dra kom dus neer op oordra en gelyktydig ook beteken en verstaan. Laat ons die belangrikste elemente hiervan uitwys. Klere vervoer boodskappe (byvoorbeeld van kulturele behorendheid, sosiale status, 'n protokol om jou opstand teen gevestigde waardes te kenne te gee); dit is tegniese steunmiddelle (hierdie spesifieke hemp, daardie spesifieke hoed), wat tot medium gemobiliseer word deur 'n sosiale draer wat gemoeid is met die oordrag (die sosiale konsensus aangaande dit wat fatsoenlik is om jou mee te bedek in hierdie of daardie situasie, sanksioneringspraktyke vir die oortreding van taboes met betrekking tot dit wat as betaamlik beskou word); maar om klere te dra en te sien is ook om te verstaan (ek verstaan myself as behorende tot hierdie kulturele groep en ander mense identifiseer my as sodanig, ek verstaan die geleentheid as formeel en die konsert as 'n deftige gebeurtenis waarvan ek die aard ook help skep deur my kleredrag, ek wys myself as sportief voor die vrou wat ek probeer verlei en sy verstaan my as eg of as kunsmatig). Klere voeg my by 'n milieu van media wat kulturele waardes en idees oordra; hulle voeg my gelyktydig by daardie geheel van verwysings waartoe die mens as verstaner, oopstaan en wat in die fenomenologie die *wêreld* genoem word (ek sal voortaan die term "wêreld" in hierdie spesifieke sin gebruik). Die feit dat daar nie in elke geval 'n eksplisiet gevormde boodskap is nie, doen nie afbreuk aan die feit dat iets oorgedra word nie en dat dit wat oorgedra word (tesame met die konteks daarvan) verstaan word nie.

Dit is nodig om te besef dat dit onmoontlik is om die *mens as oordraer* raak te sien in die mens wat klere dra, as mens nie ook in hom/haar die *mens as verstaner* raaksien nie. Die mens as verstaner is die mens wat sonder ophou alles rondom hom/haar verstaan, of dit nou bewustelik of onbewustelik is. En 'n gedeelte, dikwels die grootste, van dit wat verstaan word, is dit wat oorgedra word. Anders gestel, elke milieu of sfeer wat geskep is deur die mens as oordraer het 'n wêreld danksy die mens as verstaner wat homself/haarself deur die milieu verstaan. Dit is omdat die mens as verstaner meer verstaan as dit wat oorgedra word (hy/sy verstaan ook dit wat die oordrag omring en wat verander na gelang van die omstandighede en wat uitgelewer is aan die invloed van toeval) dat die boodskap wat oorgedra word vervorm in verskillende kontekste en dat die instellings en ander sosiale draers wat oor die oordrag waak, genoodsaak is om te reageer deur hulle oordragmetodes en -middelle aan te pas. As die mens, anders as diere, nie net kommunikeer nie, maar ook oordra (Debray 2005:164), en as ek my milieu *is*,¹⁰ dan is dit moontlik, net omdat die mens nie net 'n situasie het nie, maar ook 'n wêreld (Ricoeur 1986:211), of eerder, omdat die mens aan 'n wêreld *behoort*. Ons milieu is soos 'n enorme kledingstuk wat ons in die wêreld inlei, wat ons beklee met betekenis, selfs as ons (soos met klere) baie dikwels nie daarvan bewus is nie.

Behorendheid (*appartenance*)¹¹ is in Ricoeur se hermeneutiek die toestand van die mens as verstaner. Te elke oomblik verstaan die mens en verstaan die mens homself/haarself binne 'n milieu wat sy/haar wêreld oproep. Die mens baai in betekenis waarvoor hy/sy oop is saam met andere. Verskillende milieus steun verskillende wêrelde: die wêreld van jou tuiste, die wêreld van jou werk, die sportwêreld, ensovoorts. Tegnieke verteenwoordig 'n enorme gedeelte van die milieu. In werklikheid kan enige objek 'n steunmiddel vir tekens wees, en ek kan nie met Debray saamstem as hy beweer (kyk Debray 1998:20) dat daar nie transmissie in die interaksie met alle tegnieke is nie. Die bad en die vurk (Debray se voorbeelde van nie-oordraende tegnieke) is mnemotegnieke wat in koördinasie met sosiale draers die media van boodskappe oor skaamte, sindelikhed, higiëne of van 'n begrip van kos, van goeie maniere is (kyk die bespreking hiervan later).

Die mens as verstaner is lyflik en verstaan voor alles met sy lyf (Merleau-Ponty kan op die manier gelees word).¹² Hierdie lyf bring die spesifisiteit van my begrip mee, wat egter nooit net my eie is is nie. Dit is nie net my eie nie, aangesien dit deur die mense en media rondom my is dat ek geleer het om te verstaan. Omdat mense verstaan, omdat hulle op hulle eie manier aan hulle milieu

en aan hulle wêreld behoort, en omdat hulle verstaan hulle as sosiale wesens konstitueer – sosiale wesens wat terselfdertyd deelneem aan die konstruksie van die bestaan van die samelewing – kan mense oordra (wetend of nie). Gelyktydig kan die verstanende behorendheid tot die wêreld deur komplekse tegnieke van die lyf net begryp word as dat dit gekonstitueer word deur oordrag. Sodoende bestaan die mens as oordraer nie, as hy/sy nie ook die een is wat die oordrag verstaan nie: eerstens verstaan hy/sy in sy/haar hoedanigheid as sosiale draer wat die oordrag vergesel en tweedens verstaan hy/sy deur sy/haar behorendheid tot of toe-eiening van dit wat oorgedra word.

Die mediasfeer, as reusagtige milieu van oordragmiddele, is dus die sosio-tegniese dimensie van die wêreld. Maar die wêreld is altyd groter as die mediasfeer. Dít is van groot belang vir die mediologie, want die verstaan van die geheel (die wêreld) meng altyd in met die ontvangs van die gemediatiseerde boodskap. Dit is waarom transmissie altyd transformasie behels. Die stryd om oorlewing van die gesproke vereis wysigings van die spreke – dit is die mediologiese innovasies wat onafwendbaar lei tot ’n metamorfose van die boodskap, waarna reeds verwys is.

Deur die verhouding tussen mediologie en hermeneutiek uit te werk, behoort die medioloog ’n beter begrip te kry van ons behorendheid aan ’n mediasfeer, en die sosio-tegniese oordrag van verstaan sal vir die hermeneut verhelder word.

2. OUTONOMIE EN TOE-EIENING VAN DIE MEDIUM/TEKS

Die mens behoort gelyktydig aan ’n mediasfeer en aan ’n wêreld wat onderling afhanklik van mekaar is. Ten einde die manier waarop die mens daagliks deur ’n milieu en ’n wêreld omgeef word, beter na vore te bring, word daar begin deur te fokus op die oorvleueling van kommunikasie en transmissie in praktyk. Maar die onderskeid tussen die twee kan nie opgehef word sonder om ons begrip van sowel oordrag as interpretasie skade te laat ly nie. Dit wat hier op die spel is, is die outonome aard van die medium (vanuit die medioloog se perspektief) of van die teks of skrif (vanuit die hermeneut se perspektief) ten opsigte van die situasie waarin die boodskap oorspronklik gevorm is. Dit is die tweede gespreksonderwerp wat vir mediologie en hermeneutiek voorgestel word.

Mediologie, ewe veel as hermeneutiek, onderskei tussen spreek en die gesproke. Vir die medioloog is die vraag hoe die spreke dit vir die gesproke moontlik maak om te oorleef – hoe die gesproke daarin slaag om later deur middel van sy sosio-tegniese spreke verneem te word; vir die hermeneut is die vraag hoe die gesproke wat van sy milieu van lewende betekenis losgemaak is en sy eie lewe (al is dit ’n gestolde lewe) in die sosio-tegniese spreke kry, opgeneem kan word in die betekenis van iemand, hoe dit as betekenis toegeëien kan word. Kom ons begin hierdie keer om die verband te lê vanuit die kant van die hermeneutiek.

Die hermeneut poog nie maar net om meer te weet van die verskynsel van verstaan nie, maar ook van interpretasie, dit wil sê van die afstandname (*distanciation*) ten opsigte van die behorendheid tot die wêreld van betekenis. Daar is inderdaad verstaan sonder of voor die afstandname, maar geen interpretasie sonder afstandname nie. Hierdie afstandname¹³ wat verstaan tematiseer, is net moontlik as dit wat hierdeur die objek van interpretasie word, deur een of ander steunmiddel gesteun word. Diskoers, die ter-woorde-bring, is volgens Ricoeur die “oorspronklike eienskap” (*trait primitif*) van afstandname. In diskoers *sê iemand iets vir iemand*; diskoers vorm so ’n dialektiek van ’n gebeurtenis wat plaasvind en wat as betekenis verstaan word (kyk Ricoeur 1986:123-4, 115, 117). Dit geld ewe veel vir gesproke diskoers as vir geskrewe diskoers (laasgenoemde twee verteenwoordig vir Ricoeur die twee argetipes van diskoers). Sodoende vorm die situasie wat paradigmatis is vir die hermeneutiek: skrif of ’n teks wat gelees moet word, dit wil sê, wat weer ’n betekenisgebeurtenis moet word. As ons gesproke diskoers neem (soos in § 1 hierbo) as ’n medium

vir die oordrag van 'n boodskap, dan sal dit moontlik wees om in dialoog, anders as wat Ricoeur blykbaar dink, 'n bepaalde outonomie van die boodskap te bemerk. So sou die dialoog ook minstens gedeeltelik beskou kon word as 'n gebeurtenis van skryf en lees, waar "skryf" metonimies is vir 'n gebeurtenis waardeur 'n betekenis outonomie verkry ten opsigte van sy oorsprongsituasie en "lees" metonimies is vir enige gebeurtenis van die toe-eiening van betekenis.

As betekenende gebeurtenis, as die spreek van 'n gesproke, gee alle diskoers te beteken volgens 'n drie-dubbele aksie waardeur die betekenende spreke (die betekenisgebeure) die gesproke betekenis oorskryf; Ricoeur leen by die *speech act*- of taalhandelingsteorieë van Austin en Searle die onderskeid tussen drie diskoersaksies: lokusie (*acte locutionnaire*, die feit dat iets gesê word), illokusie (*force illocutionnaire*, die manier waarop iets gesê word) en perlokusie (*acte perlocutionnaire*, dit wat gedoen word deur iets te sê)(kyk Ricoeur 1986:208). In hierdie drie modaliteite van die aksie van betekenis is spreek ook doen (vergelyk Austin se boek *How to do things with words*, in Frans vertaal as *Quand dire, c'est faire* of "Wanneer sê/spreek doen is"). Volgens Ricoeur vorm hierdie drie aspekte van die aksie van betekenis 'n afnemende hiërargie van die moontlikheid om geskryf (Ricoeur 1986:119, 209), of ons kan sê gedeponeer, te word: hoe meer spreek doen is, hoe minder kan hierdie daad in woorde neergeskryf of gedeponeer word. Maar die rede vir hierdie feit is dat die spreke van lokusie na illokusie na perlokusie telkens meer afhanklik word van ander tegnieke: in illokusie gaan dit oor die tegnieke van prosodie; in perlokusie word alles wat nodig is om 'n gewenste effek by die geadresseerde te veroorsaak, ingespan. Van lokusie na illokusie na perlokusie kry diskoers lyf. En as die boodskap nie net geskryf of gedeponeer moet word nie, maar effektief wil bly, as spreek wil aanhou doen, dan moet die spreke lyf bly, dit wil sê dit moet in die vorm van georganiseerde materie (of tegniese draer) en gematerialiseerde organisasie (of institusionele draer, kyk Debray 2000:127) bly.

Ricoeur ondersoek nie hoe en in watter vorme spreek doen kan wees en met verloop van tyd kan bly nie, en dit is juis die onderwerp van die medioloog se belangstelling. Maar dit sou foutief wees om die skrif waarvan Ricoeur praat, te beperk tot tekstuele inskripsies. Met sy nadenke oor skryf, bedink Ricoeur die wese van inskripsie. Vir hom is skrif, soos reeds genoem, die argetipe van alle inskripsies en dít, omdat mens daaruit die *outonomie* leer ken van die boodskap wat deur media bemiddel word.

Outonomie verwys na die ontwinging van die dialektiek van die betekenisgebeure deur inskripsie of dit nou mondeling, skriftelik of visueel of deur watter sosio-tegniese steunmiddel ook al gebeur. Deur ingeskryf te word, verloor die diskoers sy karakter van gebeurtenis of liever van betekenende gebeurtenis en duur voortaan voort net as potensiaal tot betekenis wat verwerklik sal word wanneer die ontvanger van die boodskap dit vir hom/haarself toe-eien. Outonomie is die bestaanswyse van die oorgedraagde boodskap. Hier is 'n betekenisgebeurtenis gefikseer in 'n teks of in 'n ander medium, dit wil sê in 'n gebeurtenis van oordrag (mits die fiksering slaag om oor tyd te beteken). Sodoende oorleef die spreke, ten spyte van, maar ook as gevolg van sy outonomie (1) met betrekking tot sy oorspronklike formuleerder-sender, (2) met betrekking tot sy eerste verwysingsmilieu, dit wil sê die sosio-kulturele omstandighede van sy produksie en (3) met betrekking tot die oorspronklike aangesprokene (kyk Ricoeur 1986:207ff). Deurdat die spreke outonoom word, dekontekstualiseer dit dus die gesproke. Die inskripsie, die medium, is nog steeds diskoers, maar die "iemand sê iets vir iemand" is gemetamorfiseer deur die opskorting van die "wie sê?", die "wat word gesê?" en die "vir wie?". Hierdie opskorting word in stand gehou deur dit waarmee Ricoeur se begrip van diskoers voltooi moet word: diskoers is die gebeurtenis waarin iemand iets vir iemand sê *met behulp van iets*. Daar is geen diskoers sonder georganiseerde materie en gematerialiseerde organisasie nie, geen diskoers sonder 'n element van outonomie nie en dit is waarom die outeur meen dat ook dialogiese diskoers volgens die model van inskripsie en van oordrag ondersoek kan word (verwys weer eens na die voorafgaande uiteensetting van oordrag in kommunikasie).

Om die teks as paradigma te gebruik is egter nie 'n prosedure wat onbekend is in die mediologie nie, soos die volgende stelling bewys: “Die geskiedenis van skrif vorm 'n gelykenis van die geestelike se afhanklikheid van die materiële.” (Debray 2000:43). As die teks op hierdie manier kan dien as paradigma of argetipe, dan is dit juis toe te skryf aan die feit dat dit die voorbeeld van die outonomie van die boodskap is wat die maklikste geanaliseer kan word. Ons vergeet nie dat “teks” hier metonimies is vir 'n hele milieu wat daaraan verbind is nie: die skool, die boeke en koerante, die biblioteke, die akademies, die uitgewers, ensovoorts. En niemand dink daaraan om die partikulariteite van die ander media te verwaarloos nie, al word hulle ook as “tekste” benader.¹⁴ Vir die medioloog is “tekste” dit (1) wat voortkom uit 'n “algemene simboliseringsprosedure (*procédé général de symbolisation*), (2) wat 'n sosiale kode van kommunikasie (*code social de communication*) gebruik, (3) wat deur 'n fisiese hulpmiddel gesteun word en (4) wat voordeel trek uit 'n verspreidingsstelsel (*dispositif de diffusion*)” (Debray 2000:35), (5) wat saam met ander “tekste” oorgedra word, danksy instellings se inspanning om oordrag te bestuur en (6) wat milieus vorm wat saamgroepeer in mediasfere.

Medioloë gaan in groter detail in en vra: hoe en met watter middele kan spreek aanhou doen? Waaroor hulle begaan is, is *simboliese effektiwiteit* (kyk byvoorbeeld Debray 2000, hoofstuk IV – *L'efficacité symbolique*). Die hermeneut is tevrede daarmee om nie te lank te bly staan by die aard van die middele van diskoers nie, neem die teks of skrif as paradigma en gaan voort na 'n ander belangrike vraag: hoe gebeur dit dat die gesproke geherkontekstualiseer word, hoe word die gesproke weer spreek ('n gebeurtenis van betekenis) en hoe word hierdie feit interpretasie? Die hermeneut is dus ook ten nouste besig met simboliese effektiwiteit, maar op 'n ander manier. Die mediologie plaas die aksent effens meer op die effektiwiteit en die hermeneutiek effens meer aan die simboliese kant. Die medioloog stel ondersoek in na die maniere waarop betekenis oordragende steunmiddele of media word; die hermeneut pogg om die milieu van media wat iets te betekene gee, te ontsyfer. Die klemtoon van die mediologie is meer op alles wat te make het met die teks (maar nie uitsluitlik nie); die aksent van die hermeneutiek val meer op alles wat te make het met die lees daarvan (maar nie uitsluitlik nie). Maar daar is nie Beethoven sonder partiture, sonder konsertsale, sonder konservatoriums nie; en die partiture, konsertsale en konservatoriums bly doodstil sonder die opvoering en die interpretasie. Skryf en lees gaan saam – vir hermeneute ewe veel as vir medioloë – omdat beide groepe geïnteresseerd is in simboliese effektiwiteit. Daar is geen lesing sonder skrif nie, maar skrif het niks oorgedra as dit nog nie gelees is nie.

As die inskripsie (dit wil sê die diskoers sonder 'n leser wat weer lewe daaraan gee) die lewe van die betekenisgebeurtenis opskort, dan bly die teks dood. Wie is die lewegewende leser? Dit is nie net die persoon aan wie die boodskap aanvanklik gerig is nie. Dit is enige persoon wat toegang tot die boodskap kry, bewustelik of nie, met opset of nie. Maar 'n mens lees nooit alleen nie. Ricoeur stel kategorieë dat “elke lesing van 'n teks, hoe sterk dit ook al gebind mag wees aan die *quid*, aan 'dit met die oog waarop' dit geskryf is, word altyd gedoen binne 'n gemeenskap, 'n tradisie of 'n lewende denkstroom, wat die veronderstellings en vereistes daarvoor ontwikkel” (Ricoeur 1970:7). Die boodskap word gelees deur 'n leser wat aan 'n sosiale formasie van lesers deelneem, wat sy/haar manier van lees beïnvloed en wat waak oor wat hy/sy lees. In meer mediologiese terme, die instelling wat die gedeponeerde betekenis in 'n draer verander, doen dit deur te lees en deur die manier waarop betekenis toegeëien moet word, oor te dra en/of uit te vind. Lees beteken toe-eiening of interpretasie. As die “effektiwiteit” van “simboliese effektiwiteit” iets beteken, dan is dit die *toe-eiening* van betekenis. Die doel van oordrag is toe-eiening en sonder toe-eiening het geen oordrag plaasgevind nie.¹⁵

In toe-eiening word die dialektiek van die betekenisgebeurtenis en die betekenis gelyktydig herstel en getransformeer: die boodskap sê nou (na 'n fase van outonomie wat deur die medium

bemoontlik is) opnuut weer iets vir iemand, maar dit wat gesê word, is getransformeer as gevolg van die omstandighede van die oordrag. Die outonomie van die boodskap word ontbind en onderwerp aan die leser wat lees binne 'n spesifieke sosio-tegniese konteks en wêreld. Toe-eiening vind altyd, maar in verskillende grade, plaas deur 'n aktiewe intervensie wat ons lees noem. Weer eens gaan dit oor 'n paradigmatische woord wat 'n groot hoeveelheid toe-eienings saamgroepeer, bedoeldes of nie, en waar die weiering om die boodskap toe te eien net 'n afgeleide vorm van lees is. Daar kan dus drie tipes betekenis geïdentifiseer word in die lees of toe-eiening van enige tegniese objek of media van oordrag¹⁶. 1/ Die *verstaan* (*compréhension*) deur gebruik. Kom ons neem die vurk as voorbeeld. Ek eien die vurk vir my toe deur daarmee te eet, of hierdie verstaan nou bewustelik of onbewustelik plaasvind. Terselfdertyd eien ek vir my 'n hele reeks van verbandhoudende dinge toe wat tot die milieu (sien 2/) en die wêreld (sien 3/) van die vurk behoort. 2/ Die *verklaring* (*explication*) van die manier waarop appaarte werk, oftewel hulle letterlike of direkte verwysing. So kan mens die werking van die vurk verklaar met verwysing na die stowwe waarvan dit vervaardig is, sy verenigbaarheid of bestaanbaarheid met ander messegoed, die verskille tussen verskillende soorte vurke, die ergonomiese of estetiese logika van sy ontwerp, sy higiëniese onderhoud, ensovoorts. Die werkwyse van die mediologie bestaan dikwels uit verklaring. Kom ons neem weer eens die vurk (Debray se anti-voorbeeld). My aanleer van die gebruik van hierdie ding is geïnformeer deur my gesin wat funksioneer as “instelling” wat die aanleer vergesel. 'n Gemanierde bedrewenheid met die vurk is by my ingeprent (vergelyk met Bourdieu se idee van die lyflike *hexis*) en sodoende is 'n verstaan van die gesin, van kos en van die kombuistoerusting ('n Leroi-Gourhan sou die manier waarop 'n mens by die tafel aansit, kon aflei van die vorm van die vurk) aan my oorgedra en geargiveer in my lyf wat die vurk en sy milieu begryp. Ek leer gelyktydig die moontlikheid daarvan om 'n harde objek te gebruik en dit te manipuleer en môre sal ek dit miskien gebruik as 'n gereedskapstuk vir modellering. 3/ Die *interpretasie* (*interprétation*) van die wêreld van die tegniek of dit wat deur die apparaat en sy milieu opgeroep word. In 'n sekere sin beklee ek my met my vurke, soos met my klere. Die vurke dra 'n betekenis waarvan hulle ontwerper nie die (enigste) outeur is nie en wat ook nie na hulle direkte verwysing gereduseer kan word nie; dit is die betekenis van die leser wat homself/haarself voor die objek interpreteer.¹⁷ Dit gaan hier oor die interpretasie wat ek van myself maak, natuurlik nie net voor 'n vurk nie, maar voor 'n hele milieu waarin die vurk geïntegreer is en oor 'n interpretasie deur die leser wat ek self geword het deurdat ek daartoe gevorm is deur my behorendheid aan 'n tradisie van interpreteerders. “Ons eet nie met ons hande soos barbare nie”. “Die Bothas kon darem hulle silwerware vir die geleentheid uitgehaal het...”. Sodoende word idees en waardes wat 'n band van gemeenskap tussen die vurke en hul gebruikers skep, oorgedra, maar ook getransformeer. Die werk van die hermeneut is “om die tipe in-die-wêreld-wees wat voor die teks ontvou, te verklaar” (“*expliciter la sorte d'être au-monde déployé devant le texte*”, Ricoeur 1986:128) en so ook voor alles wat die tekstuele struktuur het wat ek hier beskryf het. Hierdie wêreld is altyd 'n mengsel van opsetlik oorgedraagde betekenis en van geleentheidsbepaalde en toevallige interpretasies, binne 'n spesifieke historiese konteks.

As dit geld vir wat oënskynlik geen boodskap dra nie (soos die vurk), dan geld dit des te meer vir koerante, die radio, die televisie... Al die media – en tegnieke wat nie media is nie, is raar, as daar so iets is – ontlok 'n verstanende toe-eiening, waardeur die outonomie van die boodskap opgehef word en 'n betekenis weer op 'n nuwe pad afgestuur word. Hierdie proses kan versterk word deur die dialektiek van verklaring en interpretasie wat lees genoem word. Tipies van Ricoeur se hermeneutiek is die oortuiging dat hoe meer 'n mens verklaar, hoe beter verstaan jy (*expliquer plus est comprendre mieux*). Verklaring versterk en bemiddel verstaan deur die interne funksionering van 'n betrokke boodskap in sy outonomie te bestudeer (kyk Ricoeur 1986:185, 201). Verklaring help ons om ons toe-eiening van 'n boodskap te herverstaan, wat onder andere insluit dat ons

vorder in ons interpretasie van wat ons self is, van wat ons gemaak is om te wees deur ons sosio-tegniese milieu en vir sover as wat so 'n lesing van onself moontlik is.

3. WAAKSAAMHEID EN POLITIEK

Mediologie en hermeneutiek is dit met mekaar eens dat ons nie direkte toegang het tot onself as wesens wat die wêreld verstaan nie en dat selfverstaan altyd bemiddel is (kyk byvoorbeeld Ricoeur 1986:171). Die boodskapdraers wat ons omring het 'n aansienlike invloed op ons verstaan – “masjinerie vervoer hul eie perspektief op die wêreld” (Debray [1991]2001:401). Dit wil nie sê dat ons deur ons milieu geprogrammeer word nie, maar dat die milieu die moontlikhede van ons verstaan beïnvloed (vergelyk Debray 2000:88). 'n Mens sou kon sê die persoon wat boodskappe toe-eien wat in media gestoor is, is reeds deur die milieu toegeëien waaraan hy/sy behoort en wat vir hom/haar geleer het om te aanvaar of te verwerp, te onderskei, te evalueer, te interpreteer. Dit is so nie net weens die neigings wat gedra en by lesers aangehits word deur tegniek nie, maar ook omdat die institusionele draer juis begaan is oor die hertoe-eiening van gestolde tegniese draers, 'n toe-eiening wat dikwels vir die lang termyn gewens word. Spreek is doen, omdat spreek die vermoë het om die manier waarop iemand homself/haarself voor 'n milieu verstaan, te beïnvloed. Dat daar 'n wil is om hierdie lesing wat mense van hulleself maak te beïnvloed, is die politieke werklikheid. 'n Baie belangrike vraag spruit voort uit hierdie opmerkings, wat sowel die mediologie as die hermeneutiek aangaan en wat handel oor die aard van simboliese effektiwiteit: wat is die aard van die invloed wat tegnieke uitoefen op die proses van toe-eiening en van selfverstaan? Dít is die derde gesprekstema wat ek hier kortliks voorstel. Politiek gaan die mediologie en hermeneutiek aan, aangesien die saak van altwee dissiplines – simboliese effektiwiteit in groepe – die stof vorm waarvan politiek en die middele en magte daarvan gemaak is.

Toegegee, mediologie “bedryf nie politiek nie” en “die moraal is verbode vir die medioloog” (onderskeidelik Debray [1991]2001:417 en Debray 1992:506). Sy werk is om te beskryf en te verklaar. Nogtans “behoort politieke en morele nadenke oor die perke, doelstellings en vergrype van mag al hoe meer te geskied by wyse van *die tegniese studie van die mag van middele*, wat nie 'n slegte definisie vir ons projek [dit wil sê mediologie – EW] sal wees nie” (Debray [1991]2001:46). En die hermeneutiek kan op dieselfde manier gesitueer word: dit gryp nie direk in in die politiek nie, maar 'n spontane verlenging van die hermeneutiese projek is die ondersoek na dit wat polities gesproke plaasvind tydens die interpretasiegebeure en met die oog daarop om die verbande tussen narratief, aksie en die eties-politieke kompleks te interpreteer (kyk Ricoeur 1986:9).

Mediologie en hermeneutiek, elkeen op sy manier, ondersoek die posisie van die mens binne die sosio-tegniese geheel wat nooit heeltemal ontrafel kan word nie aangesien mense gelyktydig vormers en gevormdes daarvan is. As erfgename van Marx glo hermeneute en medioloë niks van die selfplasing (*autoposition*) van die subjek nie; die vorming van die mens geskied deur die bemiddeling van die produkte van sy hande wat gelyktydig ook sy hande gemaak het.¹⁸ Die produksie van die mens (en dié uitdrukking moet in altwee sinne van sy dubbelsinnigheid verstaan word) leen sigself so tot twee tipes interpretasies, die oefening van herwinning van sin (*récollection de sens*) en die oefening van suspisie (*exercice de soupçon*) waarvan Ricoeur praat aan die begin van *De l'interprétation* (Ricoeur 1965:38-46).¹⁹ Die beoefening van hierdie twee interpretasiepraktyke in die hermeneutiek van die tegniek (soos ek in hierdie artikel gedoen het) en meer spesifiek die hermeneutiek van die media sal ons help om elke mediasfeer as 'n “tegniese transendentale sfeer wat a priori die voorwaardes vir die produksie van sin en van die gebeurtenis vir wie ook al daarvan gebruik wil maak” te ondersoek, maar dit net terwyl daar rekening gehou

word met “die heerskappy van die medium oor die heersers” (Debray [1991]2001:440 & 437).²⁰ Dit gaan duidelik nie daaroor om ’n politieke program op te stel nie, maar om ’n vorm van studie voor te stel wat hier die betekenis van waaksaamheid kry: “Hermeneutiek is nie die naam van ’n filosofiese projek wat streef na absolute begryplikheid nie, maar van ’n waaksaamheid van denke in die afwesigheid daarvan” (Grondin 2003:115).²¹

BIBLIOGRAFIE

- Castoriadis, C. 1978. *Technique. Les carrefours du labyrinthe*. Parys: Seuil, pp. 221-248.
- Debray, R. [1991]2001. *Cours de médiologie générale*. Parys: Gallimard.
- Debray, R. 1992. *Vie et mort de l'image. Une histoire du regard en Occident*, Parys: Gallimard.
- Debray, R. 1998. Histoire des quatre M. *Cahiers de médiologie* 6:7-24.
- Debray, R. 2000. *Introduction à la médiologie*. Parys: PUF.
- Debray, R. 2005. *Technique. Médium* 3:162-169 (die outeur van die betrokke rubriek word nie aangegee nie, maar is waarskynlik Debray).
- Debray, R. 2005b. Un dialogue manqué. *Médium* 5: 116-131.
- Grondin, J. 2003. *Le tournant herméneutique de la phénoménologie*. Parys: PUF.
- Lévy, P. 1998. La place de la médiologie dans le trivium. *Cahiers de médiologie* 6:43-58.
- Merzeau, L. 1998. Ceci ne tuera pas cela. *Cahiers de médiologie* 6:27-39.
- Merzeau, L. & Debray, R. 2005. Médiasphère. *Médium* 4:146-152.
- Ricoeur, P. 1965. *De l'interpétation. Essai sur Freud*. Parys: Editions du Seuil.
- Ricoeur, P. 1970. *Le conflit des interprétations. Essais d'herméneutique I*. Parys: Editions du Seuil, 1970.
- Ricoeur, P. 1986. *Du texte à l'action. Essais d'herméneutique II*. Parys: Editions du Seuil.
- Séris, J.-P. 1994. *La technique*, Parys: PUF.

EINDNOTAS

- ¹ Hierdie is ’n aangepaste en verlengde weergawe van my artikel wat in *Médium* nr. 6, Januarie-Maart 2006, pp. 30-47 verskyn het onder die titel “Transmettre et interpréter: le temps du dialogue”. Régis Debray, redakteur van *Médium*, word bedank vir toestemming om die oorspronklike teks vir hierdie verwerking beskikbaar te stel.
- ² Die refrein van die onderafdelings van bogenoemde hoofstuk van Debray is telkens “Waarom is ons nie (semioloë, sielkundiges, sosioloë, pragmatiste, historici) nie?”
- ³ Die *Cahiers de médiologie*, (wat tussen 1996 en 2004) uitgegee is, was die eerste vaktydskrif vir mediologie. Sedert Oktober 2004 is die funksie oorgeneem deur *Médium*.
In die teks wat volg gaan ek die volgende ekwivalente vir mediologiese terminologie gebruik: “kommunikeer, kommunikasie” (*communiquer, communication*) en “oordrag/transmissie, oordra, oordraend” (*transmission, transmettre, transmissif*). ’n Ekwivalente begripsonderskeid as wat gewoonlik in Duitse en Franse tekste gebruik word, geld hier ook in “tegniek” en “tegnologie”. Ander terme word soos volg weergegee: “steunmiddel” (*support*) en “draer” (*vecteur*); “georganiseerde materie” (*matière organisée*) en gematerialiseerde organisasie (*organisation matérialisée*).
- ⁴ Kyk Pierre Lévy se poging om die mediologie te situeer ten opsigte van ’n verskeidenheid van kommunikasie-dissiplines en daardeur ook in die veld van al die dissiplines in Lévy 1998.
- ⁵ Ek bepaal my hoofsaaklik by Régis Debray (vir die mediologie) en Paul Ricoeur (vir die hermeneutiek). Hulle tekste waarna die meeste verwys sal word, is *Cours de médiologie générale* en *Introduction à la médiologie* (Debray [1991]2001 en 2000) en *Du texte à l'action. Essais d'herméneutique II* (Ricoeur 1986).
- ⁶ Die begripsspaar *dire* (om te sê, die segging) en *dit* (die gesegde, dit wat gesê is/word) word in wydteentlopende teorieë in die Franse wêreld gebruik en verwys na ’n betekenisgebeure en die verbandhoudende *betekenis* van die gebeure. Die leser sal uit die ontwikkeling van die artikel aflei dat die terme hier metonimies gebruik word vir enige oordrag van betekenis. Dit sal vertaal word met “spreek, die spreke” en “die gesproke”, om verbale kontorsionismes soos “die segging van die gesegde” (vir “*le dire du dit*”) te voorkom.

- 7 Sels al sou Debray waarskynlik met my analise saamstem – vergelyk Debray [1991]2001:24.
- 8 In die werk van Debray word 'n mediasfeer gedefinieer as 'n enorme sosio-tegniese milieu van oordrag. Mediasfeer stem ooreen met fases in die tegniese ontwikkeling van die mensdom; die logosfeer, die grafosfeer en die videosfeer (die drie mediasfeere wat in groot detail deur Debray bespreek word) is dus histories in mekaar geteleskopeer. In *Introduction à la médiologie* (Debray 2000:45) word verder ook verwys na Louise Merzeau se hipotese van 'n hipersfeer wat die volle ontluiking van die videosfeer sou wees, maar dit word eers later deur Debray in samewerking met Merzeau meer volledig uitgewerk (kyk Merzeau & Debray 2005).
- Die mnemosfeer wat eers taamlik laat in Debray se mediologiese diskoers verskyn, word net in die verbygaan genoem (kyk Debray 2000: 44) en verdwyn dan net so gou weer. Nie net ontvang hierdie sfeer nie die aandag wat dit verdien nie – 'n mens soek byvoorbeeld vergeefs vir die tipe tabel waarmee die ander mediasfeere beskryf word – maar hierdie nalatigheid word nooit geregverdig nie. Ons word maar net ingelig dat na 'n vae periode van hominisering of mensvorming, die logosfeer die lig sien as “die periode wat geopen word deur die uitvinding van die tegniek van skrif” (Merzeau & Debray 2005:147). Dit is 'n tegniese uitvinding wat 'n mediasfeer open en “Die verskynsel van tegniek [...] begin nie [...] met elektronika nie, selfs nie eers met die tipografie nie, maar met die eerste vorme van skrif en die eerste lesings” (Debray 1991[2001]:26). 'n Mens sou miskien nog kon saamstem met hierdie oortuiging as “skryf” en “lees” verstaan word in die baie wye sin wat ek in §2 gaan gebruik, waarvolgens alle tegniek inskripsie is wat sigself leen tot 'n lesing (maar dan is die uitspraak bloot 'n analitiese waarheid), maar as 'n historiese aanduiding is die uitspraak eenvoudig onwaar. Debray verwaarloos die tegniese dimensie van kommunikasie (sonder om daarvan onbewus te wees) en bly afsydig ten opsigte van die tegnieke van die lyf. Hierdie tegnieke is onmisbaar om die performatiewe en oordraende aard van kommunikasie te verstaan, dit wat juis die belangrikste sosio-tegniese draer van die mnemosfeer is.
- 9 Maar kyk ook Debray 2000:122 : “Die menslike lyf bly die eerste en laaste bemiddelaar van betekenis” // “Le corps humain demeure le médiateur premier et dernier du sens”.
- 10 “Le vêtement est tout à fait exemplaire de la dialectique de nécessité et d'exigence qui se noue dans la production technique. A l'objet répond un monde qui ne se réduit pas au monde matériel, mais qui est un monde humanisé, le monde social et historique, parlé et écrit. Le vêtement et le geste introduisent l'individu dans ce monde.” (Séris 1994:68).
- 11 “je suis mon milieu” (Debray 2000:93).
- 12 Die ekwivalente wat ek vir Ricoeur se terme voorstel is soos volg : “verstaan, die verstaan” (*comprendre, compréhension*), “verklaar” (*expliquer*), “behorendheid” (*appartenance*), “afstandname” (*distanciation*), “diskoers” (*discours*), “toe-eiening” (*appropriation*).
- 13 Die mens as verstaner is deur die tegnieke van die lyf afhanklik van die mens as oordraer – 'n baba se senuweestelsel bly onderontwikkel totdat dit ontwikkel word deur die toetrede van diegene in wie se sorg hy is, dit wil sê deur liedjies, danse, grappies, ensovoorts, wat kultuurprodukte is wat deur tegnieke van die lyf en ander tegnieke van die gemeenskap gesteun word. Ek kry hierdie insig van Jörn Rüsen.
- 14 Afstandname is die hermeneutiese variant van die fenomenologiese reduksie. Mens sou 'n mediologiese weergawe daarvan by Debray kon uitwys, (net in die gees van die teks, want die letter van die teks sal teen die skoolseheid van die fenomenologiese werkswyse protesteer) naamlik in *Introduction à la médiologie* (Debray 2000:48) waar die outeur dit gebruik om te beskryf hoe die verstaan van of spontane deelname aan 'n mediasfeer as't ware tussen hakies geplaas kan word deur 'n versteuring van die normale funksionering van die sfeer.
- 15 Daar is dus geen rede om te protesteer, byvoorbeeld met verwysing na Debray 2000:161-162, dat visuele voorstellings (*images*) nie as 'n geskrewe diskoers geïnterpreteer kan word nie – dit gaan nie daaroor om die verskille tussen die media te ignoreer nie, maar om hulle gemeenskaplike kenmerk uit te wys, naamlik outonomie.
- 16 Debray sluit sy hoofstuk oor simboliese effektiwiteit af met die woorde: “Die mediologie as diskoers kan opgesom word as 'n trajek van [...] boodskap, medium, milieu en bemiddeling”: “La médiologie comme discours peut se ramener à un parcours [...] message, médium, milieu et médiation ” (Debray 2000:137 en sien Debray 1998). 'n Mens kan jou afvra of hy nie te vroeg op die trajek stop nie. Die trajek van oordrag lei eintlik nêrens heen sonder toe-eiening nie.
- 17 Die laaste twee hiervan vorm saam die dialektiek van lees soos Ricoeur (1986:163) dit analiseer. As ek sy skema effens aanpas, dan is dit om sy idees in te rig vir 'n konteks waar tegniese objekte die “teks” is. Met ander woorde, die drie tipes toe-eiening soos ek dit beskryf (en wat in wese versoenbaar is met die tekstuele hermeneutiek van Ricoeur) word ontwikkel in die rigting van 'n hermeneutiek van die tegniek.

- ¹⁸ Vergelyk met die manier waarop die leser homself/haarself voor 'n teks interpreteer volgens Ricoeur 1986:126.
- ¹⁹ Sien die manier waarop Cornelius Castoriadis Marx se bydrae tot die filosofie van tegniek situeer in Castoriadis 1978.
- ²⁰ pp. 38-46.
- ²¹ “un transcendantal technique qui fixe *a priori* les conditions de production du sens et de l'événement à quiconque veut s'en servir”, “la maîtrise du médium sur ses maîtres”.
- ²² “L'herméneutique n'est pas le nom d'un projet philosophique qui aspire à l'intelligibilité absolue, mais celui d'une vigilance de la pensée qui repose sur son absence”.